



Huiskerk

Quellerina
Gemeente

Seerkry

2 Korintiërs 2:4

Daar is baie redes waarom jy seergemaak kan voel. Jy kan natuurlik ook seerkry as gevolg van jou oorsensitiwiteit.

En ook dit is waar: Jy maak ander mense ook seer. Paulus leer jou dat jy erns met jou seer moet maak, en nie daarvan moet wegdraai nie. Ook nie van die mense wat jou seermaak nie.

As ons self nog seergemaak is, maak ons maklik ander mense seer. Daarom is dit baie belangrik om nie van jou seer af weg te hardloop nie, dit nie te verdruk of ignoreer nie. Seerkry is deel van die lewe. Maar die siklus kan stop by jou..

Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.

Hoe pas hierdie by jou lewe in?

Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?

Watse emosies kom by jou op as jy hierdie teks lees?

Waarom beleef jy daardie emosies?

Notas



Huiskerk

Quellerina
Gemeente

21 Emosies

Seerkry

Lees 2 Korintiërs 1:12 - 2:4

Hoe gereeld verwys Paulus in hoofstuk 1 na die troos wat God verleen? Onder watter omstandighede het God Paulus getroos? Onder watter omstandighede het jy bewus geword van die troos van God?

Lees 1:20 weer. Watter van God se beloftes moedig jou veral aan? Hoe kan ons seker wees dat God al sy beloftes sal hou?

Lees vers 1:11. Waarom het Paulus die gebed so belangrik geag? Wat bereik gebed?

Lees weer 2:4. Waarom was dit so moeilik vir Paulus om die Boek van 1 Korintiërs te skryf? Hoe wys Paulus se woorde, wat die Christene van Korinte so ontstel het, sy liefde vir hulle aan?



Quellerina Gemeente